

# Nywerheidsfinansiering met „Duur" Geld

*Uittreksel van 'n referaat gelewer op 12 Februarie 1971 by die S.A.V.B. en N.O.B.S. se simposium oor „FINANSIERING onder omstandighede van Hoë Rentekoerse en Monetêre Beperkings."*

**P. K. HOOGENDYK**
**— Besturende Direkteur, S. A. Timber and Joinery Works (Edms) Bpk.**
**— Direkteur van Maatskappye**
**— Vise-President, Nywerheidskamer van die Afrikaanse Handelsinstituut.**

**1.** Inleidend tot wat ek van voorneme is om te sê, wil ek as agtergrond die onvervreembare ekonomiese beginsel voorop stel, naamlik dat die winsmotief bepalend in enige investeringsaangeleentheid is — hetsy op kort- of langtermyn. Kapitaalbesteding met geen vooruitsig op winslewering is die kortpad na ondernemingsmislukking en/of stagnasie.

Wanneer dus hier van kapitaalvoorsiening gepraat sal word, word 'n bestedingsterrein veronderstel wat — met kundige leiding, administratiewe bevoegdheid en voldoende afsetmoontlikhede — 'n redelike vooruitsig op winsgewendheid bied. Op stuk van sake, kapitaal word belê om kapitaal te verdien vir die stimulering van bedryfsontwikkeling en werkgeleentheidsuitbreiding.

Dit is dan die onderliggende uitgangspunt waar ons weë en middele gaan oorweeg vir nywerheidsfinansiering.

Die eerste vraag wat, met die oog op die heersende omstandighede, navore tree, is:

**2. WANNEER IS GELD DUUR VIR NYWERDOELEINDES?**

Dit hang af van die norme wat ons gebruik. 'n Dekade of twee gelede was 5½% tot 6½% normaal. Vandag is dit 9½% tot 10½%. En geldende norme hang weer af van historiese maatstawwe. In die twintiger en vroeë dertiger jare was rentekoerse soms so hoog soos vandag, terwyl dit daarna bykans 30 jaar lank tussen 5 en 7% gebly

'n Vraag wat nou hieruit voortvloei, is wanneer is nywerheidsfinansiering nodig?

Daar is vier terreine:-

(a) Eerstens om 'n nuwe bedryf te begin. Hier sal dit bepaal word deur bereke-

ning of die geld wat geleen word, genoegsaam renderend sal wees om dit 'n voordelige transaksie te maak; dus dat ons meer daarmee verdien as die koste daaraan verbonde.

(b) In die tweede plek, om 'n sakeonderneming wat met finansiële probleme te kampe het, of nie likied genoeg is nie, te help, of te red.

Hierdie finansiële probleme word normaalweg toegeskryf aan ondernemings: (i) Waarvan die groei vinniger is as die toedeelbare kontantbronne in die vorm van eie middele soos aandelekapitaal, winste teruggeploeg en waardevermindering. (ii) Ondernemings wat tydelike terugslae ondervind b.v. nieherhalende verliese; vastebelegging in debiteure en voorrade.
In laasgenoemde geval sal hoë rentekoerse of „duur" geld noodgedwonge aanvaar moet word.

(c) Derdens is leengeld nodig om uitbreidings te finansier. In verband met die vestiging van nuwe nywerhede het ons geen verpligting om te begin nie en as geld slegs teen onekonomiese koerse verkrygbaar is, gaan ons net nie voort nie. Waar 'n onderneming in die moeilikheid beland, moet ons die geld leen, of desnoods ondergaan. In beide gevalle is die keuse voor die hand liggend.
Wanneer dit egter by bestaande ondernemings kom, vind ons dikwels dat as daar nie uitgebrei word nie, dit 'n afname in sakeomset met ernstige reperkussies meebring. Veral waar uitbreiding gebiedend word om stygende bedryfskoste te dek, nuwe masjinerie aan te skaf en om voort te gaan om ekonomies te produseer.
As 'n onderneming nie uitbrei om in sy klante se behoeftes te voorsien nie; lok hy mededinging uit wat skadelik kan word, uit hoofde van konkurensie met ingevoerde artikels, of beskerming wat weggeneem of verminder word.

(d) In die vierde plek is kapitaal nodig om kredietbeperkings die hoof te bied. 'n Onderneming wat gewoonweg korttermyn-geld gebruik om gestadige uitbreiding te finansieer, of om seisoensskommeling die hoof te bied en deur die sogenaamde bank- „plafon" getref word, moet alternatiewe finansieringsmiddele bekom.
Insgelyks moet alternatiewe finansiering gesoek word as huurkoopbeperkings 'n onderneming se kontantinkomste versteur, soos gebeur het met die onlangse instelling van hierdie maatreëls.

**3.0 BEVINDINGS:**

**3.1** Dit is duidelik dat daar 'n ernstige en wêreldwyse tekort aan finansieringskapitaal oftewel likiditeit bestaan en dat die vloei van geld wat nog wel beskikbaar is, aan bande gelê word deur 'n te hoë inflasiekoers volgens vandag se Westerse norme.

**3.2** Omdat daar nog geensins 'n oorkoepelende plan vir die Weste is om die gebrek aan likiditeit te oorbrug nie en omdat die grootste oorsaak van inflasie gesetel is in ons sogenaamde demokratiese stelsel van een man een stem (en ons daardeur hoofsaaklik met looninflasie te kampe het) lyk dit meer as waarskynlik dat die huidige hoë rentekoerskonjunktuur nie net sal voortduur nie, maar nog selfs hoër sal spiraal.

**3.3** Sommige ekonome is die mening toegedaan dat hierdie hoë rentekoerse minstens sal voortduur tot teen die middel van die huidige dekade. Hiermee sou ek persoonlik saamstem, maar die redes waarom die posisie na die helfte van hierdie dekade sal verbeter, (soos aangegee deur hierdie ekonome) is m.i. gebaseer op 'n bepaalde politieke siening en lewensbeskouing en sal nie die toets van die praktyk deurstaan nie. Ek verwys hier na die vrye uitwisselbaarheid van die wêreld se hoofgeldeenhede (wat moontlik, en met goeie gevolg, as dit rasionalisasie beteken net tot vier gereduseer kan word) en die bepaling van die koers waarteen hulle inwisselbaar is. Juis met die bepaling van die koers gaan bogenoemde ekonomiese bespiegeling mank aan stabiliteit.

**4.0 SLOT:**

**4.1** Dat ons steeds geld nodig sal hê en dat ons 'n geruime tyd minstens duur daarvoor sal moet betaal, ly weinig twyfel.

In 'n jong nywerheidsland wat dinamies ontwikkel, soos die R.S.A., moet ons hierdie feite voor oë sien en ons daarby aanpas. Die wapens wat ons kan gebruik is groter besparing om kapitaal te vorm en hoër produktiwiteit om inflasie te bekamp. Ongelukkig het die oproepe en beroepe wat die owerheid in dié verband op ons bevolking maak, weinig uitwerking. En behalwe vir politieke voordele wat dit moontlik inhou, het sulke oproepe ook weinig nut.

**4.2** Die enigste manier om besparing te verseker, is fiskale en monetêre maatreëls en hiervan sal mettertyd meer gebruik gemaak moet word. Ingelyks is dit futiel om mense te probeer oorreed, of te vra om harder te werk.

**4.3** Nywerheids- en bedryfsleiers is dit reeds vrywel eens dat die gemis aan arbeidskonkurrensie vanweë werkkragtekort ongelukkig nie 'n bevorderlike uitwerking op ons nasionale produktiwiteit het nie. En indien hierdie tendens nie gestuit word nie, gaan ons kapitaalvoorsieningsprobleem in die voorsienbare toekoms ernstig verskerp word.

**4.4** Die tyd het derhalwe aangebreek dat seksionele belange ondergeskik gestel moet word aan landsbehoeftes, en dat ons gedagtegange en beplannings op langtermynvoordele ingestel moet word. Historiese vrese en vooroordele in die arbeidsmark sal afgelê moet word om die uitdagings van die Twintigste Eeu oor die algemeen en van die Republiek in die besonder die hoof te kan bied.

**4.5** Enige finansieringsprogram sal derhalwe gesien moet word in noue samehang met tuislandontwikkeling. Vir behoorlike tuislandvestiging en -vooruitgang is opgeleide inheemse mense 'n voorvereiste. Op akademiese gebied word fluks gevorder met die opleiding van professionele mense om uiteindelik hul staanplek in hul eie gebiede te gaan inneem.

**4.6** Dieselfde, glo ek, kan nie gesê word met opsig tot geskoolde werkers en ambagslui nie. En ons sal nie kan wag tot na onafhanklikheidsverklarings voordat daarmee begin word nie. Gesonde verstand skrywe dus voor dat ons onverwyld met 'n nuwe benadering tot werkverdeling in ons nywerhede en bedryfslewe sal begin; binne die basiese raamwerk van die beleid soos voorgestaan deur ons wetmakers en aanvaar deur die oorgrote meerderheid van die landsbevolking.

**4.7** So 'n nuwe benadering met die vereiste **beheersing** en begripvolle gesindheid deurgevoer, sal meerledige voordele meebring. In die eerste plek sal dit ons in staat stel om 'n werkskorps op te lei wat op die geleë tyd na die tuislande oorgeplaas kan word om die inheemse nywerhede en bedryfslewe uit te bou.

**4.8** Hierdie opleiding kan voor die handliggend in die blanke gebied in die beginstadium veel goedkoper bewerkstellig word as in die tuislande; uit hoofde van die feit dat ons reeds die gevestigde fasiliteite daartoe het.

In die tweede plek sal ons met so 'n stelsel die knellende druk op ons blanke werkerskorps kan verlig. Mense sal mettertyd losgemaak kan word vir die gevorderde ampte in die onderskeie bedrywe. Dit sal outomaties meebring dat die statuspeil en die lewensstandaard van die blanke werker opgestoot word. En daar is geen rede waarom ons produktiwiteitsomvang nie verhoog sal kan word nie.

Maar ek wil dit ten sterkste beklemtoon dat die opleiding van nie-blanke werkers in die blanke ekonomiese bestel met **beheersing** en op **selektiewe grondslag** sal moet geskied. So nie, kan dit wellig gebeur dat ons ons eie kele afsny.

**4.9** Dat ons op hierdie wyse ons arbeid beter moet benut, is 'n saak van die allergrootste belang. Entrepreneurs, veral in ons nywerhede, se vertroue sal gestimuleer word as die resultate van deurtastende studies wat in dié verband gedoen is, aan hulle bekend gemaak word. My ondervinding in die nywerheidswese en deur noue voeling met ons land se nyweraars, is dat hulle agting het vir oorwoë en goedgefundeerde beskouings en dat hulle liefs konstruktief adviseer as om te kritiseer. Daar was nog nie m.i. 'n tyd in ons nywerheidsontwikkeling waar dit sò nodig was soos nou dat die Regering die ge-organiseerde nywerheid in sy vertroue sal neem en dat die vraagstukke en knelpunte wedersyds enduit bespreek moet word nie.

**4.10** Hier laat ek buite rekening daardie persone

en sakelui wat so negatief ingestel is dat enige maatreël wat daargestel word deur 'n regering wat nie van hulle keuse is nie, noodwendig verdoem moet word. Sulke persone dink nie saaklik nie, maar polities, en mag ons nugtere denke nie beïnvloed nie.

**4.11** 'n Heraanpassing van arbeid, blank en nie-blank, moet tot gevolg verhoogde lewensstandaarde hê. In die geval van Bantoearbeid mag dit beslis nie meebring dat meer Bantoes na die stedelike gebiede stroom nie, want hierdeur sal ons aanvaarde beleid omvergewerp word, — 'n gebeurlikheid wat geen denkende Suid-Afrikaanse nyweraar verlang nie. As 'n herklassifikasie egter kan beteken dat arbeidskragte wat reeds beskikbaar is, meer produktief gebruik kan word, moet hierdie aangeleentheid volhardend ernstige aandag geniet. Dit kan ook help om oorindiensneming met sy gevolglike driekwart of tot halwe produktiwiteit te help bekamp. Ons ervaar reeds terdeë die byna rampspoedige gevolge, omdat een van die basiese ekonomiese wette nie nagekom word nie, naamlik dat slegs arbeid werklike rykdom kan beteken.

**5.0** Laastens nog 'n enkel woord oor wat reeds deur die owerheid gedoen word. Die verskillende maatreëls wat ingestel word, is daarop bereken om op langer termyn ons ekonomie te beskerm en te stimuleer.

**5.1** As ons kritiek wil lewer, moet dit minstens gefundeer wees en op redelike gronde berus. In die motorbedryf kla sommige dat die Regering eers monteerders verplig het om groot bedrae geld te investeer om lokale inhoud te verhoog, en nou word die mark beperk deur verskerpte huurkoopbeperkings. Wat egter nie bygesê word nie, is dat motorverkope die afgelope twee jaar reeds die mees optimistiese vooruitskattings en begrotings van fabrikante met 10% en meer oortref het!

**5.2** Insgelyks word in sommige kringe steen en been gekla oor die kredietplafon van bankinstellings. Terselfdertyd word beweer dat die Regering moet sorg dat inflasie nie handuit ruk nie. Sulke stellings is eensydig, dus onlogies.

**6.0** Die dekade wat pas ten einde geloop het, was ekonomies gesien die voorspoedigste wat ons in 'n lang tyd beleef het. Tenspyte van probleme en knelpunte, glo ek dat met die nodige aanpassings, die groeipotensiaal in die dekade wat voorlê, veel groter hoogtes sal bereik as die sestigerjare.


## VACANT MANAGERIAL POSTS

This journal offers you the opportunity to address your advertisements for managerial personnel direct to the most suitable group of candidates. This journal reaches most MBA and MBL graduates in South Africa as well as many managers with other qualifications in business management.

**TARIFF:**

| | | |
|---|---|---|
| **Full page** | : | **R50 per insertion.** |
| **Half page** | : | **R30 per insertion.** |
| **Quarter page** | : | **R20 per insertion.** |

These special tariffs are applicable only for advertising specific vacant managerial posts.

Please address copy to the **Editor, P.O. Box 2502, Pretoria,** before 8th April, 1971.